

Redakteursnotas

Geregtigheid vir vissers nou dadelik!

DIE implementering van die kleinskaalvissersebeleid is 'n klassieke geval van tien tree vorentoe en nege tree terug.

Hoewel die proses nou in fase drie van vyf fases is, lê daar onverwagse en verwoestende versperrings in die pad vorentoe.

Die volgende onregte staar kleinskaalvisserse nou in die gesig.

- Die mandjie hulpbronne wat onder die KSVB (SSFP) toegeken gaan word; Die meeste regte het vanjaar aan die kommersiële sektor gegaan, en die kleinskaalmandjie raak al hoe leer. Dit is 'n skending van die Wet op Gewysigde Lewende Mariene Hulpbronne (MLRA).
- Die Kennisgewing van 16 September in die Staatskoerant beplan om die visvangregte onder die KSVB (SSFP) tot drie jaar te beperk. Vissers is van mening dat kleinskaalvisvangs 'n gewoontereg is, en geen tydsebeperkings mag op gewoonteregte geplaas word nie.
- Die registrasie- en verifikasieproses wat deel is van die implementering van die KSV-beleid. Die aanvanklike lysste was kontroversieel en veroorsaak verwarring in vissersgemeenskappe. Coastal Links het 'n beroep op vissers gedoen om te appelleer en die proses tot die logiese gevolgtrekking deur te sien. DLBV (DAFF) het dit benadruk dat die lysste slegs voorlopig is.

Die kleinskaalvissersebeleid (KVB) is 'n goeie beleid. Dit gee vir die eerste keer wetlike erkenning aan die sektor, beweeg weg van die afbrekende individuele kwotastelsel na kollektiewe regte, en bevorder fundamentele bemagtiging.

Dit is alles natuurlik slegs teorieë indien dit nie gepaard gaan met omvattende implementering nie. En dit is waar die regering hopeloos tekort skiet.

Gemeenskappe regoor die land neem deel aan verskillende maniere van aksie om te verseker dat die beleid omvattend geïmplementeer word in terme van die wet, en om maatskaplike geregtigheid te laat geskied.

Terwyl ons samewerking en wedersydse vertroue verkies, sal ons nie terugstaan wanneer ons in die vissersgemeenskappe van ons basiese menseregte ontnem word nie.

Voort met aksie totdat geregtigheid seëvier.

Vissers neem standpunt in oor regte wat bedreig word

VISSERS van oral oor Suid-Afrika is op die oorlogspad omdat dit voorkom asof die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) hulle regte om volhoubare lewens te lei, in gevaar stel deur die implementering van die kleinskaalvissersebeleid (SSFP) op 'n wyse wat hulle pas en nie soos dit bedoel was deur die uitspraak van die Gelykheidshof en die opstellers van die beleid nie.

Vissers het in hulle massas opgeruk om hulle visvangregte op die agenda van die Suid-Afrikaanse publiek te plaas deur op Vrydag, 25 November, 'n protes-aksie te hou by die Parlement, toe die Portefeulje-komitee oor Landbou, Bosbou en Visserye openbare verhore in die kleinskaalvissersebedryf gehou het.

Vissers was bereid om hulle hande diep in hul sakke te steek om hul regte op 'n volhoubare bestaan te beskerm en hul waardigheid as vissersgemeenskappe te herstel.

Sedert 1998, met die instelling van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, (MLRA) het kleinskaalvissersegemeenskappe hulle self sonder voedselsekureitheid en 'n volhoubare bestaan bevind.

Die regte van kleinskaalvisserse is op die kantlyn geskuif en, soos die jare verbygegaan het, het dit geblyk dat hul regte verder ondermyn word.

In 2005, toe kleinskaalvisserse die regering hof toe geneem het oor die marginalisering van die sektor, het die Gelykheidshof bepaal dat 'n Kleinskaalvissersebeleid geformuleer moet word om die sektor te wettig.

In 2007 het die Gelykheidshof die regering beveel om 'n beleid te ontwikkel vir die kleinskaalvissersegemeenskappe.

Dit het jare geneem om hierdie beleid te ontwikkel, en die tussentydse regte wat toegeken is, het steeds 'n enorme deel van die kleinskaalvissersegemeenskap uitgesluit.

Die SSFP is ingestel om die waardigheid van die kleinskaalvisserse in ere te herstel, en om voedselsekureitheid en 'n volhoubare bestaan te voorsien.



CLSA lede protes vir regte in Kaapstad

Die beleid is om kommunale regte aan vissersgemeenskappe te verskaf, en om gemeenskappe te voorsien van genoeg mariene hulpbronne om 'n lewe te kan maak.

DAFF het lank geneem om die beleid te implementeer, en dit het groot frustrasies en onsekerheid onder vissersgemeenskappe veroorsaak.

Toe hulle uiteindelik begin het om die beleid te implementeer, was dit verwronge en het hulle dit in verskillende gemeenskappe op 'n inkonsekwente manier geïmplementeer.

In die agtergrond is ook die Visvangregte Toekenningsproses van 2016 (FRAP 2016) geïmplementeer, en baie visserspesies is toegeken aan kommersiële visbelange, wat die land se Totale Toelaatbare Vangs (TTV/TAC) van verskillende spesies uitgeput het, en die gedeelte van die TTV wat veronderstel was om na die kleinskaalvissersektor te gaan, onder die SSFP totaal uitgeput het.

vervolg op bladsy 3

Stemme van die Kus



Ron Gelant



Andries Klaase



Lungisile Tshume



Thози Mthiyane

Ron Gelant, voorsitter van Coastal Links Melkhoutfontein

"Ons kan nie fout vind met die vissers wat in die lys van bevestigde vissers vir Melkhoutfontein opgeneem is nie, maar die enigste probleem is dat ons vrouens en jongmense uitgesluit is van die Kleinskaalvissersbeleid. Daar is vir ons vrouens en jongmense gesê dat hulle nie as vissers mag registreer nie. Vissers wat die dag van registrasie op see was, is ook nie toegelaat om deur middel van 'n gevolmagtigde te registreer nie.

Dit is alles onregverdig, en as vissersgemeenskap maak ons ernstig beswaar. Ons vissers wat geregistreer het en nie op die provinsiale lys ingesluit is nie, gaan teen hulle uitsluiting appelleer, want hulle verdien om op die finale lys te wees."

Andries Klaase, lid van Coastal Links, Hondeklipbaai

"Dit is onregverdig dat ou vissermanne wat al meer as 20 jaar lank visvang en wat vir hulle bestaan van die see afhanklik is, se name nie op die lys is nie. Mense het versoeke gerig en dit is nou meer as 'n maand, en steeds het ons nog nie gehoor wat van ons versoeke geword het nie. Dit veroorsaak onsekerheid en stres. Dis nie regverdig nie. Dit lyk my ons sal moet oorgaan tot massa-aksie, want dit lyk asof dit die enigste manier gaan wees waarop die regering na ons sal luister."

Lungisile Tshume, Oos-Kaap, oor die appèlproses en registrasie

Ons het die oproep deur Masifundise en Coastal Links gehoor oor die volg van die proses, maar ons het nog nie enige resultate ontvang nie. Ons hoop maar alles sal reg afdraai en dat die meeste van ons vissers wel die lys sal haal. Ons weet nie hoe die proses sover gaan verloop nie, maar ons sal die organisasie kontak as ons enige hulp benodig.

Thози Mthiyane, KZN, Mgababa oor verwagtinge rakende die visserslys

Soos met al die vissersgemeenskappe hoop ons dat bona fide vissers dit gaan maak. Soos julle weet, leef ons sonder bestaanspermitte en ons het regte nodig om te kan voortbestaan. Ons hoop die proses om kwalifiserende vissers aante kondig, sal nie so lank soos die registrasie- en verifikasieproses duur nie.

EEN OP EEN

Van aangesig tot aangesig met Ayanda Yekani, Hamburg, Oos-Kaap

V Vertel vir ons hoe jy by Masifundise en Coastal Links betrokke geraak het.

A Ek het in 2006 betrokke geraak by CLSA, nadat ons nie deur die MLRA erken is nie, en ons toe by Masifundise aangesluit het sodat ons ons regte kon kry. Ons is gewerf deur Mcebisi Kraai, die destydse veldwerker vir die Oos-Kaap.

V Waar vang jy vis en wat is jou gunsteling vis om te vang?

A Ek vang vis by die rivier en die see hier in Hamburg en ek gebruik 'n stok en lyn. My gunsteling vis om te vang is die spotted grunter en kabeljou. Ongelukkig dwing die huidige permit in die Oos-Kaap my om al my vis gaar te maak.

V Het jy kinders, 'n vrou?

A Nee, ek het nie 'n vrou nie. Ek woon alleen en het 'n dogter van 19 wat by haar ma bly.

V Wat is jou gunsteling kos en musiek?

A My gunsteling kos is enigiets wat uit die grond kom en groen is – spinasie, kool, blaarslaai. My gunsteling musiek is Reggae-musiek omdat ek hou van die bewustheidsinhoud wat dit gewoonlik het, en ook van die kultuur van die musiek.

V Het jy miskien iemand na wie jy kan opsien?

A Oorlede Govan Mbeki – oor sy karakter. Ek het hom destyds ontmoet toe ek raadslid was. Hy het my aangemoedig om te baklei vir menseregte en nie selfsugtig te wees wanneer dit by die streef na geregtigheid kom nie – hy was 'n goeie



motiveerder, 'n leier wat in voeling was met sy mense.

V Wat het jy voor CLSA gedoen?

Ek was 'n voormalige raadslid onder die vaandel van die ANC.

V Watter uitdagings is daar nou vir jou as 'n Hamburg CLSA-tak?

A Daar is op die oomblik 'n hele aantal uitdagings, van hulle uniek aan ons tak, en sommige soortgelyk aan dié van plekke in landelike gebiede. Dit sluit in hoë vlakke van werkloosheid, en omdat ons op die platteland is, is onderwysvlakke laag en is ons ver van dienste wat nodig is om in die basiese menslike behoeftes te voorsien.

V Wat is jou boodskap aan die breër CLSA-lidmaatskap?

A Ons moet realisties wees in ons stryd en altyd doen wat ons sê. As ons 'n belofte aan die lede van die beweging maak, moet ons dit nakom en ons bedoelings effektief kommunikeer.

Saluut vir vroue in vissersgemeenskappe

Deur Nosipho Singiswa

VROUE is die hoekstene van die gemeenskap. Hulle is die ruggraat van 'n gesin en die sorgdraer vir verhoudings. Hulle maak kos vir die maag, bied stof tot nadenke en is soms, indien nie meestal nie, die broodwinners.

Die Kleinskaalvissersbeleid maak voor-siening vir geslagsregte en die insluiting van vroue in die sektor. As een van die vyf sleutel-elemente van die Beleid, kry vroue in die sektor erkenning vir die sleutelrol wat hulle in aktiwiteite voor en na die oes speel, en in sommige gebiede selfs as die primêre versamelaars van tussengety-oeste. Die beleid verklaar dat vroue onder die beleid:

1. Bemagtig moet word om hul regte tot deelname aan die bestuur van die mariene hulpbronne uit te oefen;
2. Opgelei moet word om deel te neem aan die bemerking, toerisme, waterkultuur en addisionele ekonomiese geleenthede aan die kus; en
3. Gelyke verteenwoordiging in regeringstrukture moet hê.

Verder verskans die Grondwet van Suid-Afrika ook die beskerming en bevordering van die regte van vroue en die insluiting van vroue in regeringstrukture. Wetgewing, soos die Wet op die Keuse tot die Beëindiging van Swangerskap, die Wet op Huishoudelike Geweld, en die Wet op die Erkenning van Gewoontehuwelike, verlig verder die historiese las van vroue in Suid-Afrika.

Die rol van vroue in die kleinskaalvissersektor moenie ongemerk verbygaan nie. Met die voortdurende stryd van kleinskaalvisserse-gemeenskappe regdeur die wêreld, dra vroue by tot die oplossings wat die sektor versterk.

"Vroue speel 'n kritiese rol in elke skakel van die waardeketting in die kleinskaalvisvangbedryf, hoewel hulle bekendste rolle dié is in die prosessering en bemerking van vis en ander visprodukte. Hierdie persepsie van die hoogs geslagsgeskeide verdeling van arbeid (mans wat die visvang / vroue wat die vis prosessee) het die veralgemeende benadering van steun aan ontwikkelingsin-siatiewe vir die kleinskaalvisvangbedryf help vestig.

Dit gebeur dikwels dat hierdie benadering mans as vissers teiken, en vroue as die prosesseerders en bemerkers van visprodukte. Hierdie veralgemening het die bestuur van die visbedryf blind gemaak vir vroue se ander waardevolle insette tot die sektor. Hulle rolle kan en moet trouens verby dié van betrokkenheid ná die oes en bemerking gaan. Die gebrek aan die gebruikmaking van hulle addisionele bydrae het egter vroue se deelname weggelei van die bestuur van die visbedryf



Vrouens speel alreeds 'n toenemende belangrike rol in die visbedryf

foto te danke aan Samudra

se hulpbronne en besluitneming oor beleid," Lentisco and Lee, 2015.

Die bydrae van vroue tot die SSF-sektor begin om 3 vm., wanneer die vrou van die visserman vir hom kos voorberei en dan, nadat hy weg is, begin om ma vir haar kinders te wees en vir hulle ook voor te berei.

Hierdie vrou kom uit so 'n lang geskiedenis van vissers dat visvang vasgelê is in haar siel soos 'n koraalrif diep op die seabodem. Sy maak vis skoon en kook 'n lekker viskerrie vir aandete. Gedurende die dag, voordat haar kinders terugkom van die skool af, tel sy ook mossels op, en kom soms selfs huis toe met 'n seeslak sodat die kinders aan iets kan peusel voordat hulle wegval aan daardie kerrie wat sy van gister se vangs gemaak het.

Hierdie vrou is 'n gemeenskapswerker. Sy loop heen en weer om 'n gemeenskap sover te kry om oor hulle visvangregte te praat. Sy kontak organisasies, gemeenskapsleiers, munisipaliteite en regeringsdepartemente om te luister na haar gemeenskap se behoeftes. Sy bied hoop en 'n manier van lewe vir haar gemeenskap, sy is die stem van die stemloses, en die vissermense in haar gemeenskap stort hulle harte teenoor haar uit.

Sy is die pilaar van hoop. Sy sit om tafels en betrek die regering by probleme wat die kleinskaalvissers in die gesig staar. Sy daag beleide en neoliberalerale ondernemings uit en beskerm die regte van die vissers. Sy is die stem by hoëvlak-vergaderings wat nie die behoeftes van die vissers kan raaksien nie, sy verhef haar stem, gebruik haar kennis en empatie om die regte uit te oefen, en herstel die waardigheid van kleinskaalvissers en gemeenskappe.

Met die voortslepende implementering van die Kleinskaalvissersbeleid is dit dus belangrik vir vroue om by die beleid ingesluit te word en daaruit voordeel te trek, want hulle rolle eindig nie by dié van tuisversorgers nie; hulle waarde in die sektor kom al 'n lang pad.

* 'n Verkorte weergawe van hierdie artikel is vir die eerste keer gepubliseer in *The Hook*; 'n weeklikse nuus-aanvuller gepubliseer deur Masifundise Ontwikkelingstrust.

vervolg vanaf bladsy 1

Vissers neem standpunt in oor regte wat bedreig word

Masifundise/CLSA glo vas dat DAFF toekennings moet maak met inagneming van alle visvangsektore, en nie toekennings aan die kommersiële sektor alleen moet maak en dan wat oorbly, vir ander sektore in die visvangbedryf..

Vissersgemeenskappe is vasberade dat hulle gehoor moet word, en het geskryf aan die minister van Landbou, Bosbou en Visserye en die volgende eise gestel:

1. Onmiddellik alle kommersiële Weskuskreef-toekennings te staak totdat visvangtoekennings vir die kleinskaalvissersektor onder die Kleinskaalvissersbeleid gemaak is.
2. Onmiddellik alle lynvis-toekennings te herroep, om sodoende te verseker dat kommunale toekennings in die Noord-, Wes- en Oos-Kaap provinsies gemaak word.
3. Onmiddellik alle viktimisasie, kriminalisering en diskriminasie teen kleinskaalvisserse-gemeenskappe deur voldoening-beamptes te staak.
4. Dadelik eksklusiewe voorkeursoes af te baken, met 'n onmiddellike opheffing van alle reservate wat langs vissersgemeenskappe lê, sonder die uitsondering van Mariene Beskermdede Gebiede.
5. 'n Onmiddellike terugtrekking van GG #40286 van 16 September 2016. Kleinskaalvissersregte behoort erken te word as gewoontepraktijk, dus kan geen duur gekoppel word aan die uitoefening van ons gebruike nie."

Norton Dowries, 'n visser van Langebaan, glo dat die regte wat aan kleinskaalvissers toegeken is, baie belangrik is om 'n volhoubare bestaan in vissersgemeenskappe te skep.

"Dit lyk nou vir my asof daar 'n gat sal wees in die mandjie wat DAFF vir ons onder die beleid gaan aanbied. Byna al die netvis en lynvis is reeds aan die kommersiële sektor toegeken, "het Dowries gesê.

"Dit lyk asof ons nou gelaat is met slegs laewaarde-spesies, en niemand in die departement kan vir ons sê wat vir die SSFP in die mandjie gaan wees nie."

"Lynvis en netvis is baie belangrik om 'n volhoubare bestaan vir die kleinskaalsektor te verseker, omdat dit heeljaar deur gebruik kan word. Hoewel die Weskuskreef 'n hoëwaarde spesie is, en as sodanig erken word, is dit slegs seisoenaal en verskaaf slegs tydens daardie periode 'n inkomste."

Dit lyk asof die stryd om volhoubare visvangregte stewig binne bereik van die kleinskaalvissersgemeenskappe was, maar op die laaste minuut..

Die stryd vir die regte van die vissers gaan dus 'n lang en opdraande stryd wees, en hulle moet sterk wees, saamstaan en blybaklei om hulle gemeenskappe.

Coastal Links in die provinsies

KLEINSKAALVISSERS is op die oorlogspad oor baie kwessies wat die sektor nasionaal af-fekteer, veral die onlangs gepubliseerde voorlopige lys van bona-fide vissers in die Noord Kaap en Wes-Kaap, vrygestel op September 16 en Oktober 21 deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DAFF), en wat die visvangregte van vissers tot drie jaar wil beperk. Hieronder is 'n opsomming van wat Coastal Links SA besig is om in die vier kus-provinsies te doen.

Wes-Kaap

By 'n onlangs Coastal Links SA (CLSA) Wes-Kaap provinsiale vergadering het visserleiers dit duidelik gemaak dat hulle teleurgesteld is met DAFF om verskeie redes:

- Baie vissers is uitgesluit van die voorlopige lys van geverifieerde vissers wat op Oktober 21 deur DAFF gepubliseer is;
- Vroue, jongmense en gestremde persone is nie oorweeg nie.
- Vele veteraanvissers, van wie baie meer as 30 jaar ervaring in visvang het, is uitgesluit.
- Die krimpemde mandjie mariene hulp-bronne wat vir die kleinskaalvissersbeleid beskikbaar sal wees in die lig van die toekennings wat reeds gemaak is aan die kommersiële sektor onder die 2016 Visvangregte Toekenningsproses (FRAP 2016) .
- Staatskoerant Kennisgewing No. 40286 van 16 September 2016, wat die visvangregte van kleinskaalvissersgemeenskappe tot drie jaar wil beperk.

Om effektief op hierdie kwessies te reageer, het CLSA Wes-Kaap op die volgende besluit:

- Dat alle vissers binne die proses moet bly en teen hulle uitsluiting moet appelleer, en sou die appèl-uitkomst steeds onbevredigend wees, dat vissers dan verdere stappe moet neem nadat die appèl-aansoek voltooi is, hetsy deur die hof of andersins.
- Dat die minister betrek moet word en gevra word om die toekennings wat reeds onder FRAP 2016 gemaak is, te herroep,

en dat die Weskuskreef-toekennings opgeskort moet word.

- Alle toekennings moet gemaak word op dieselfde tyd as wat die kleinskaalvis-mandjies toegeken word, om sodoende 'n situasie te vermy waar die kleinskaalvisvangsektor slegs die oorblyfsels ontvang nadat toekennings aan die kommersiële sektor gemaak is.
- Hulle het 'n onmiddellike terugtrekking van GG #40286 geëis, en dat kleinskaalvisvangregte erken moet word as gewoontepraktik en dat daar dus geen duur gekoppel kan word aan die uitoefening van hulle gebruik nie.

Oos-Kaap

Die Coastal Links South Africa Oos-Kaap Provinsiale Uitvoerende Komitee het 'n vergadering gehou en 'n aantal kwessies is geopper, veral rondom die implementering van die SSFP en probleme wat hulle met DAFF het, wat insluit:

1. Samesprekings oor kwessies rakende vissersgemeenskappe
2. Wat is in die mandjie of TAK (TAC) vir die kleinskaalvissers in die Oos-Kaap?
3. Wat het gebeur met die eksperimentele perlemoen-projek in die Provinsie, en gaan perlemoen in die spesie-mandjie vir die SSFP in die Oos-Kaap ingesluit word?

Die Oos-Kaap PUK het 'n brief geskryf aan Craig Smith, Direkteur vir die kleinskaalvisbedryf, om te vra of hulle hierdie kwessies met hom en sy departement kan bespreek, maar Smith het aangedui dat 'n departement nie met die PUK kan vergader nie. Die PUK oorweeg steeds hoe hierdie kwessies verder gevoer kan word.

Noord-Kaap

Die Noord-Kaapse CLSA het onlangs vergader en 'n nuwe Provinsiale Uitvoerende Komitee (PUK) verkies, wat bestaan uit drie lede van Hondeklipbaai en drie van Port Nolloth.

Die vissers van Hondeklipbaai het weer by die CLSA aangesluit nadat hulle vir 'n onbepaalde periode afwesig was uit die organisasie.

Die Noord-Kaap was die eerste provinsie waar 'n voorlopige lys van geverifieerde vissers aangekondig is, en vissers het daar hulle appèlproses voltooi en wag nou op die uitkoms van die proses.

Daar word verwag dat die resultate van die appèlsake binnekort aangekondig gaan word, aangesien heelwat appellante SMS'e hieroor ontvang het, en CLSA-leiers verwag 'n positiewe uitkoms.

Noord-Kaapse vissers wag steeds vir die Tussentydse Verligting-permitte wat vir die nuwe seisoen uitgereik gaan word, want die Weskuskreef-seisoen moes reeds oop gewees het, maar hulle kan nie uitgaan en vang as hulle nie permitte het nie.

KwaZulu/Natal

Die Coastal Links KZN PUK het in Oktober vergader en 'n hele aantal kwessies is geopper, veral die voornemens om die iSimangaliso Vleilandpark uit te brei, wat dit nog moeiliker sal maak vir vissersgemeenskappe wat in die Park woon om 'n behoorlike bestaan te maak.

Belangriker nog is dat vissers ongelukkig was met die stadige pas van implementering van die kleinskaalvissersbeleid (SSFP), wat veronderstel is om dit vir vissers in KZN moontlik te maak om weg te beweeg van die bestaansvisserspermitte wat hulle tans gebruik.

Die Premier in KZN is onlangs vervang, en vissers het gevoel dat CLSA moet begin praat met die kantoor van die premier oor belangrike kwessies, aangesien hulle 'n verhouding met die vorige premier gehad het.

Die belangrikste kwessie vir die vissers in KZN is om weer te praat oor die kwessies rondom die implementering van die SSFP, wat, soos dit vir hulle lyk, tot stilstand gekom het.



CLSA lede by die Algemene Jaarvergadering in Kaapstad



CLSA Weskaap lede by 'n protes optog in 2015

Medebestuur: 'n Belangrike element van die vissersbeleid

IN hierdie uitgawe verduidelik FishersNet kortliks die begrip medebestuur en hoe dit by die kleinskaalvissersbeleid (SSF) inpas; vroeg in 2017 gaan Masifundise 'n gedetailleerde medestuurshandleiding publiseer wat vissersgemeenskappe as 'n riglyn kan gebruik.

Die Kleinskaalvissersbeleid (SSF-beleid) is 'n gemeenskapsgebaseerde beleid wat regte toeken aan die kleinskaalvissers gemeenskap om 'n gedeelde verantwoordelikheid met die regering te hê vir die bestuur van visvang-aktiwiteite. Hierdie gedeelde verantwoordelikheid word medebestuur genoem, oftewel visserye-medebestuur.

Medebestuur is 'n proses wat demokratiserings- en desentraliseringsmeganismes behels deur middel van samewerking en magsdeel tussen hulpbrongebruikers en regeringsamptenare (Pomeroy en Rivera-Guieb, 2006).

Wikipedia sê: "Medebestuur van die visbedryf is buigsame en koöperatiewe bestuur van die waterhulpbronne deur die gebruikersgroepe en die regering."

Die gebruikersgroep bestaan uit diegene wat afhanklik is van waterhulpbronne om 'n bestaan te maak. In ons geval is dit die kleinskaalvissers.

Die verantwoordelikheid van die hulpbron word gedeel deur die gebruikersgroepe en die regering, en beide die gemeenskap en die regering is betrokke tydens die besluitnemings-, implementerings- en toepassingsprosesse.

Dit is 'n alternatiewe bestuurstyl wat wegbeweeg van 'n staat wat mariene of gemeenskapshulpbronne bestuur, en na 'n gemeenskapsgebaseerde benadering beweeg.

"... In ooreenstemming met die medebestuur benadering voorsien die Beleid, byvoorbeeld, dat die gemeenskap betrokke sal raak by die monitering van voorrade deur die rekordhouding van vangste en die monitering van toegang tot die gemeenskap se visvanggebied" (Young, 2013).

Dit beteken dat medebestuur slegs kan werk as die gemeenskap saam met die regering betrokke sal raak by bestuursfunksies soos beplanning, organisering, koördinerende, opdragging en beheer van die hulpbronne.

In wese is daar 'n aantal vissery-belanghebbers betrokke by die medebestuur van die visvangbedryf.

Vissery-belanghebbers kan gedefinieer word as individue, groepe of organisasies wat belange het by, en/of die bestuur van vissery-hulpbronne positief of negatief kan beïnvloed. In 'n medebestuur regime is die balans van verteenwoordiging onder belanghebbers 'n sleutelfaktor in die sukses van



sy implementering. (Adrianto, 2005; Pomeroy en Rivera-Guieb, 2006).

'n Aspek wat op hierdie punt benadruk moet word, is dat medebestuur 'n verskeidenheid van belanghebbers wat verskillende behoeftes en belange verteenwoordig, moet insluit.

Oor die algemeen kan vier soorte sleutelbelanghebbers in die medebestuur van die visbedryf geïdentifiseer word. Hulle sluit in (1) hulpbrongebruikers, insluitend vissers en visboere; (2) die regering, insluitend sentrale en plaaslike regering; (3) ander belanghebbers, insluitend lede van die gemeenskap, visboot-eienaars, vishandelaars, visprosesseerders, onder andere; en (4) oorgang-sagente of gemeenskapsorganiseerders, insluitend, onder andere, nieregeringsorganisasies, universiteite, navorsingsinstitute.

Ter afsluiting sal die verantwoordelikheid van die bestuur van mariene hulpbronne

gedeel word deur die plaaslike gemeenskap en die regering (departement van visserye). Dit beteken dat vissers van kleinskaalvissersgemeenskappe bemaagtig moet word om met die regering saam te werk in die ontwikkeling en implementering van bestuursplanne.

Elke belanghebbende sal bepaalde regte en verantwoordelikhede hê. Medebestuurskomitees moet ingestel word en sal bestaan uit vissers wat lede van die gemeenskapsgebaseerde regsentiteit en die verteenwoordigers van provinsiale en plaaslike regering is. Indien die area naby 'n MPA is, sal verteenwoordigers van die bewaringsowerheid ingesluit word.

Met verloop van tyd sal vissers en ander lede van die gemeenskap groter verantwoordelikheid aanvaar vir die welsyn van die gemeenskap, die omgewing en die bestuur van mariene hulpbronne (Masifundise, 2014).

Kleinskaalvissersbeleid nou in fase drie van implementering



Kleinskaalse vissers verwag om 'n mandjie van mariene spesies onder die Kleinskaalse Visserye Beleid te kry

IN Februarie 2015 het die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) begin met die implementering van die Kleinskaalvissersbeleid (SSFP) deur die vrystelling van die Kleinskaalvissersforum (Small-Scale Fisheries Forum), wat die Konsep-Regulasies vir Openbare Kommentaar en die vraag na die Uiting van Belangstelling (Expressions of Interest) aangekondig het.

Die implementering van die SSFP is ingesluit as 'n strategiese doelwit vir DAFF oor die medium termyn (2014/15 – 2018/19) en geld uit die Fonds vir Lewende Mariene Hulpbronne is beskikbaar gestel vir die begin van die implementeringsproses vir 2014/15.

In Maart 2015 is diensverskaffers aangestel, en in Mei 2015 is die Wet op die Finale Regulasies en Gewysigde Lewende Mariene Hulpbronne geproklameer.

Dit is aangekondig dat die bekendstellings-plan gemik was daarop om die Kleinskaalvissersbeleid oor 'n periode van vyf jaar te implementeer, en dat die proses uit vyf fases bestaan.

Fase 1: Voorbereidende Fase

Hierdie fase lê 'n stewige fondasie ten einde te begin met die implementeringsproses van die Kleinskaalvissersbeleid.

Fase 2: Ontwikkeling van Steunplanne

Hierdie fase vereis dat 'n aantal steunplanne ontwikkel en geïmplementeer moet word om die implementeringsproses van die SSFP te versterk.

Fase 3: Formalisering van kleinskaal-vissersgemeenskappe na koöperatiewe

Hierdie fase is die mees kritieke een vir die

suksesvolle toekenning van kleinskaalvisvangregte, want dit is in hierdie fase waar alle bone fide kleinskaalvissers in kleinskaalvissersgemeenskappe geïdentifiseer, geverifieer en geregistreer moet word.

Fase 4: Toewysing van visvangregte aan kleinskaalvisserskoöperatiewe

Hierdie fase vorm die spits van die implementering van die kleinskaalvissersbeleid, aangesien dit die amptelike begin sal wees van die kleinskaalvissersektor wanneer visvangregte in Maart 2017 aan kleinskaalvisserskoöperatiewe uitgereik word.

Fase 5: Bestuur en ondersteuning van kleinskaalvisserkoöperatiewe

Dit is die laaste fase van die implementering, en vereis drie jaar se voorsiening van ontwikkelingsteun aan die kleinskaalvisserskoöperatiewe. Hierdie fase is nodig om die ekonomiese ontwikkeling en langtermyn sukses van die koöperatiewe te verseker.

Die proses het in 2015 inderdaad afgeskop met die departement se beroep op Kleinskaalvissersgemeenskappe om hulle as belanghebbende partye in die proses te registreer. Die Departement het heelwat meer as 300 bewyse van belangstelling van die vissersgemeenskappe ontvang.

Hierdie jaar het die departement begin met die registrasie en verifikasie van vissers in vier kusprovincies, maar KwaZulu-Natal het agter geraak in die proses weens ontevredenheid oor die diensverskaffer.

Dit is later opgelos en vissers in die KwaZulu-Natal-provinsie is wel geregistreer. Die eerste provinsie wat die voltooiing van die registrasie- en verifikasie-proses beleef het, was die Noord-Kaap, en die departement het

onlangs ook 'n lys van geregistreerde en geverifieerde vissers in die Wes-Kaap vrygestel.

Daar heers tans woede onder die vissers oor hierdie proses, en baie is tans teen die voorlopige lyste appelleer.

Cathy Thomas, 'n CLSA-lid van St Helena-baai, het gesê dit is belangrik dat vroue op die lys ingesluit word. "Daar was geen vroue op ons lys nie, en ons het baie vlekke in ons gemeenskappe. Volgens my weerspieël die voorlopige lys nie die aantal kleinskaalvissers in my gemeenskap nie, en ons is in die proses om as 'n gemeenskap appèl aan te teken."

'n Ontstelde Norton Dowries van Langebaan het die lys beskryf as 'n belediging vir bona fide vissers. "Ek bedoel hierdie proses is 'n grap, want nie eens ek het op die lys verskyn nie, en ek is vir baie jare reeds 'n visserman en 'n IR-bbegunstigde. As vissers moet ons seker maak dat ons wel appèl teen die lyste aanteken, sodat daar vir die vissers geregtigheid is."

Die goeie nuus is dat baie Noord-Kaapse vissers die appèlproses gevolg het, en DAFF het na aanleiding hiervan aangekondig dat daar 'n aansienlike verandering aan die voorlopige lyste in die provinsie was.

"Ons wag steeds vir die finale lys vir ons dorp, maar soos DAFF genoem het, hoop ons regtig dat daar verandering is en dat kleinskaalvissers wel uit hierdie proses voordeel sal trek," was die kommentaar van Elroy Adams van Port Nolloth.

DAFF sal ook aankondig wanneer hulle die voorlopige lys vir die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal gaan vrystel.


Die implementeringsbeleid is tans in fase drie. Die volgende fase behels die vestiging van koöperatiewe, aan wie visvangregte toegeken sal word.

SKOOL VAN VISSERS



Vol 16 No.4
By Brandan Reynolds

Dis 'n Dinsdagoggend. DAFF het pas 'n lys van kwalifiserende vissers in die Wes-Kaapse vissers-gemeenskappe vrygestel. Rasta, Thozama en Edgar gaan na die gemeenskapsaal waar die lys vir die dorp beskikbaar is, en tot hulle groot verbasing kwalifiseer slegs Edgar vir 'n reg op Kleinskaalvisvangs.



Ek was my lewe lank 'n visser, en nou dit? Hoe op aarde moet ek 'n bestaan maak?


Hoe gaan ek vir my kinders kos gee? Is daar 'n manier om oor hierdie besluit van die departement te kla?

Ek het gehoor dat vissers wie se name nie op die lys is nie, appèl kan aanteken. Daar is glo vorms wat ingevul moet word. Die vissermense van die Noord-Kaap het dit gedoen, en dit lyk of daar veranderinge aan hulle lys gemaak gaan word.

Waar kan ons hierdie vorms kry?



Jy moet gaan na die Klein-Skaalvissers se webtuiste: www.smallscalefisheries.co.za, dan na resource, en die vorms is onderaan die bladsy. Anders vir Masifundise kontak vir hulp.



Maar die departement moet gedrukte kopieë in hulle plaaslike kantore hê vir ons ouens wat nie internet-toegang het nie, anders hoe kry ons die vorms in die hande?



Ek weet nie wat om te doen nie. Ek hoop maar net hierdie appèlproses gaan regtig vir ons werk. Ons moet maar net vertrou.

Ons hoop almal dit gaan werk, Rasta. Masifundise spoor ons aan om die proses te volg en nie moed te verloor nie. Onthou, as ons nie appèl aanteken nie, kry ons miskien nooit ons regte nie.

Ek weet nie, Thozama, en ek verstaan jou frustrasie. Die beleid is mos veronderstel om meer kleinskaalvissers in te sluit, nie om hulle nog verder uit te sluit van hulle regte nie.



Ek gaan liever vir Masifundise kontak.

Ek sal probeer om biblioteek toe te gaan vir toegang tot die internet sodat ek die vorms kan aflaai.

Ja, kamerade, ons moenie moed verloor en ophou probeer nie.



Die Wes-Kaapse en Noord-Kaapse spertyd om appèl aan te teken was verby teen die tyd wat VissersNet versprei is. Spertye vir die Oos-Kaap en KZN moet nog deur DAFF aangekondig word.



Nonoti, KwaZulu-Natal: Die plek van die Kabeljou, Leervis en wonderskone kuslyne

DIE Nonoti-gemeenskap is geleë op 'n stuk grond van 400 hektaar wat deur Tongaat Hulett en die Bodasingh-familie aan sy mense teruggegee is.

Die gemeenskap van Nonoti bestaan uit 300 huishoudings, en word verteenwoordig deur die Inqaba Gemeenskapstrust. Die Trust het die grond bekom deur middel van 'n suksesvol onderhandelde grondrestitusie-skiiking ingevolge waarvan 'n grondeis deur die gemeenskap ingedien is (tikzn.co.za, 2016).

Coastal Links Suid-Afrika het lede in Nonoti wat tans nie deel van 'n tak is nie, dus val hulle (in die tussentyd) onder die Coastal Links Stanger Tak. Die gemeenskap is afhanklik van verskillende soorte voedselsekureit-aktiwiteite, wat insluit werk in skole, huise, die bestuur van gemeenskapsprojekte en visvangs. Vissermanne en -vroue gebruik die Nonoti-rivier en die see om Koningvis, Kabeljou en Leervis te vang.

Volgens Lindani Ngubane, KZN veldwerker vir Masifundise, is Nonoti-visser voorheen georganiseer deur CLSA-lid, Samkelisiwe Mchunu, wat verlede jaar oorlede is. Die tak moet steeds formeel gevestig word.

“Die vissers in Nonoti is nie formeel geïnkorporeer as 'n alleenstaande tak nie; hierdie proses is steeds in die beplanningstadium,” het Ngubane gesê. “Selfs al is hulle nog nie geformaliseer nie, het die gemeenskap deelgeneem aan die registrasie- en verifikasieproses van die Kleinskaalvisserbeleid,” het hy bygevoeg. “Ons het die vissers aangemoedig om te gaan registreer, en om almal wat aan die proses deelgeneem het, se name neer te skryf.”

Die Gemeenskap lê op die noordelike oewer van die Nonoti Rivier-monding naby Stanger aan die Dolphin Coast, KwaZulu-Natal. Die Nonoti-gemeenskap gebruik die rivier daagliks om die naaste dorp, Zinkwazi, drie kilometer verder, te bereik.

Die Nonoti Rivier-monding lê aan die oostelike kant van die N2 waar die Nonotirivier die see ontmoet, amper halfpad tussen die binnelandse dorpe KwaDukuza en Mandini.

Die riviermonding en sy onmiddellike omgewing is 'n stuk ongerepte kuslyn wat haas geen gelyke het wanneer dit by skoonheid kom nie.

Maar volgens South Africa Venues beteken die stadsuitbreiding van Durban al langs



Die kusdorp, Nonoti in Kwazulu-Natal

die N2, en die ontwikkeling van die Koning Shaka Internasionale Lughawe, dat hierdie kusstrook en sy ongerepte strande en duine, onder druk is soos die vraag na eiendom aan die Noordkus toeneem.

Om te voldoen aan die vraag na ontwikkeling, en steeds hierdie stuk van die kuslyn te beskerm, is 'n probleem. Die Ekonomiese Ontwikkelingsagentskap is in die proses om 'n gemeenskapsbestuurde toeriste-oord, wat 'n omgewingsvriendelike herberg gaan insluit, op hierdie strand te ontwikkel.

Verwysings:

<http://www.sa-venues.com/attractionskzn/nonoti-estuary.php>

<http://ballito-online.com/node/158>

<http://www.tandfonline.com/doi/pdf/10.2989/025776102784528574>

http://www.tikzn.co.za/resources/docs/investment_opportunities/Nonoti_Beach_Resort_-_Nonoti.pdf

VISFEITE

- Groei in die wêreld-wye lewering van vis vir menslike verbruik het oor die afgelope vyf dekades bevolkingsgroei verbygesteek deur in die periode 1961 – 2014 teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 3.2 persent – dubbel dié van die bevolkingsgroei – toe te neem, wat weer gelei het tot 'n stygende gemiddelde per capita beskikbaarheid.
- In 2014 was die totale roofvangsproduksie wêreldwyd 93.4 miljoen ton, waarvan 81.5 miljoen ton in seewater en 11.9 miljoen ton in binnelandse waters was. (WWF, State of the World Fishery, 2016)

Gepubliseer deur: **Coastal Links en Masifundise Development Trust**

1 Station Straat, Mowbray, Kaapstad 7700

E-pos: info@masifundise.org.za • Tel: 021 685 4549 • Faks: 021 685 3816



This project is funded by the European Union



This project is implemented by Masifundise.

The views expressed in this publication do not necessarily reflect the views of the European Commission.